# Midrash Vrae

## Vayeshev

### Genesis 37:1–22

1a. Wat beteken dit dat Josef was vir Jakob ‘n seun van die ouderdom?
1b. Wat beteken Josef se naam in Hebreeus?
2. In Gen 37:2b staan “En Josef het die slegte gerug oor hulle na hulle vader oorgebring.” Wat beteken dit en hoe is dit ‘n prentjie van Yeshua?
3. In Gen 37:3 staan “En Israel het Josef meer liefgehad as al sy seuns, want hy was vir hom 'n seun van die ouderdom, en hy het vir hom 'n lang rok met moue gemaak.” So hoekom het Jakob vir Josef hierdie kleed gegee en wat is die betekenis daarvan?

### Genesis 37:23 – 38:1-8

4. Ons lees in Gen 37:29 Reuben kom terug by die put en besef Josef is weg "daarop skeur hy sy klere". Jakob doen dieselfde in v34 wanneer die boeties vir hom die jas [geskeur en vol bloed] wys. Wat verteenwoordig hierdie aksie van "en hy het sy klere geskeur"?
5. Juda verlaat sy vader se huis en trou met n Kanaanietiese vrou. Sy baar vir hom 3 seuns. Wat is hulle name en die betekenis van elke naam?
6. Na Er se dood sê Juda vir Onan, die 2de seun, om by Tamar in te gaan en om vir Er, sy ouer broer, n nageslag voort te bring. Watse eienaardige versoek is dit en wat beteken dit?

# Midrash

Vayeshev — Vrae

## Genesis 38: 9-30

7. Verduidelik hoe die “Lossers” begrip hier navore kom en hoe dit op YESHUA dui.
8. Wat is die drie items wat Tamar as pand van Yehudah gevra het en hoekom spesifiek dit ?
9. Wat was die tweeling se name en betekenis ?

## Genesis 39: 1-23

10. Wat leer ons in die feit dat Josef in Potifar se huis sukses behaal het, oor sy karakter en sy verhouding met Abba Vader?
11. Wat leer ons uit Josef se reaksie op die versoeking van Potifar se vrou oor hoe om sonde te hanteer?
12. Wat het Potifar en die Egiptiese tronkbewaarder gesien in Josef, was dit iets wat ons ook leer uit Yeshua se dissipels?

## Genesis 40: 1-23

13. Watter werk het die twee mans gedoen wie se drome Josef geinterpreteer het?
14. Wie volgens Josef kan drome interpreteer en hoekom sê hy so?
15. Kan jy enige vergelykings tref met die skinker en bakker se drome en ons daaglikse stap saam met Yeshua? Gen 40:10-11 en Gen 40:16-17

Kyk byvoorbeeld na die volgende elemente:

Wingerdstok, Ranke, Beker, Druiwe uitdruk, Mandjie met brood, Voëls wat oppik